Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 23 JANUARIE 2013 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl C H H Hunsinger
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:
Rdh N J A Rust
Rdl M Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Finansiële State en Beheer, mnr C Gerber
Komiteebeampte, me R J Pretorius

1. OPENING

Rdl W Wilskut open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter. Die voorsitter heet almal hartlik welkom by die eerste Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering van die jaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 13 DESEMBER 2012

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 13 Desember 2012 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word, onderhewig aan die volgende wysigings:

Item 3.1/...

4.1/...

Item 3.1: Onreëlmatige verhoging van SALGA se ledegeld – par. 6

Die voorsitter versoek dat daar met die gesprekvoering uitsluitsel gegee moet word oor die volgende punte:

(i) wysing van SALGA se finansiële jaar met die vereiste dat twee betalings in een jaar gemaak moet word met die gevolg dat SALGA van mening is dat Swartland Munisipaliteit ten aansien van die 2009/10 finansiële jaar 'n uitstaande bedrag van R86 072,00 het, welke mening deur Swartland Munisipaliteit in dispuut geplaas is, en nog nie bygelê is nie;

(ii) die feit dat sedert 2008 die vergoeding van raadslede ook bygereken word by ledegelde en dat die ledegelde dienooreenkomstig verhoog word wanneer salarisverhogings geïmplementeer word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

5.1 MENSLIKE NEDERSETTINGSPLAN

'n Professionele span (*Professional Resource Team*) is onlangs deur die Provinsiale Departement van Menslike Nedersettings aangestel om lg. en munisipaliteite by te staan in die ontwikkeling van projek pyplyne ooreenkomstig die DORA-toekenning.

Die kwessie rakende die opgradering van die N7 na 'n dubbelpad en die impak daarvan op die Abbotsdale behuisingsprojek, is ook met SANRAL uitgeklaar en is lg. se goedkeuring,onderhewig aan sekere voorwaardes aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee van 13 Desember 2012 voorgelê.

Die gewysigde pyplyn vir 'n periode van 5 jaar (2012/2013 tot 2016/2017) is as bylaag gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat die Menslike Nedersettingsplan vir die tydperk 20 Februarie 2013 tot 20 Junie 2017, gedateer 23 Januarie 2013 in beginsel goedgekeur word, vir pro-aktiewe beplanningsdoeleindes en fondsallokasies, onderhewig daaraan:

(1) dat die Departement van Menslike Nedersetting kennis moet neem van die finansiële impak en las wat die bou van laekoste behuising op 'n munisipaliteit se bedryfsbegroting plaas;

(2) dat daar kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit se MIG-gelde ingevolge die meerjarige begroting reeds verbind is tot die opgradering van verskeie rioolwerke, ten einde die grootmaat infrastruktuur gereed te kry vir behuisingsontwikkelings;

(3) dat daar kennis geneem word dat die Phola Park PHP onder die opskrif "other possibilities" aangetoon word met die bedoeling dat die Menslike Nedersettings "DORA"-allokasie nie hiermee belas moet word nie, maar dat die fondse elders – hetsy onder ongespandeerde fondse of bron van finansiering – vandaan moet kom;

(b) Dat die Departement van Menslike Nedersettings kennis neem dat dit Swartland Munisipaliteit se verwagting is, dat die ontwikkeling van die projekte ten aansien van hierdie "pipeline" op dieselfde basis en standaard sal wees as die vorige onlangs voltooide projekte;

(c) Dat daar met dank kennis geneem word van die addisionele R5,4mil wat met ingang van 1 April 2013 toegeken is vir die Abbotsdale Behuisingsprojek deur die Departement van Menslike Nedersettings;

(d)/...

5.1/...

(d) Dat daar verder kennis geneem word van die pogings van die Munisipale Bestuurder en Direkteur: Ontwikkelingsdienste om die beraamde bydrae van R4,8m ten aansien van die verhoogde standaard (teerpaaie, “gullies”, heinings, voorsiening van kerk- crèche en ander persele, wydte van paaie, ens.) te minimaliseer in ‘n poging om die Abbotsdale-projek te laat realiseer en indien voormelde pogings nie 100% suksesvol is nie, die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder ‘n mandaat verleen word om by Provinsie aan te klop;

(e) Dat daar kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder die “pipeline” gedateer 23 Januarie 2013 (tabel 2) sal onderteken ter bevestiging van die beginsel aanvaarding daarvan, onderhewig aan bogemelde vereistes.

6. NUWE SAKE

6.1 HALFJAARLIKSE BEGROTINGS- EN PRESTASIE-EVALUASIE (2/4/2)

Artikel 72(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA), Wet 56 van 2003, bepaal dat die rekenpligtige beampte teen 25 Januarie van elke jaar die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar moet evalueer. Die dokument wat by hierdie vergadering ter tafel gelê was, is opgestel in lyn met die voorskrifte van die Munisipale Begroting en Verslagdoening Regulasies (Algemene Kennisgewing 393 in die Staatskoerant van 17 April 2009).

BESLUIT
[vir voorlegging aan die munisipale raad op 31 Januarie 2013]

(a) Dat kennis geneem word van die halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evaluasie met betrekking tot die eerste helfte van die 2012/13 finansiële jaar;

(b) Dat die evaluasieverslag op 31 Januarie 2013 aan die Raad voorgelê word in terme van Artikel 54(1)(f) van die MFMA;

(c) Dat, in opvolg op bogenoemde [en met verwysing na regulasie 23(1) hierbo], ‘n aansuiweringsbegroting op die 2012/13 begroting ter tafel gelê word vir oorweging by die Raadsvergadering op 31 Januarie 2013;

(d) Dat die Strategiese Bestuurder in samewerking met die Direkteur: Finansiële Dienste verseker dat, in terme van artikel 72 van die MFMA sowel as regulasie 35 hierbo, die halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evaluasie veslag –
  (i) ingedien word by Nasionale Tesourie en Provinsiale Tesourie, in beide gedrukte en elektroniese formaat, op 25 Januarie 2013; en
  (ii) in terme van regulasie 34(1), **teen nie later nie as 1 Februarie 2013**, op die webtuiste geplaas word vir publieke insae.

6.2 VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL OOR DIE FINANSIËLE STATE EN PRESTASIE INLIGTING VAN SWARTLAND MUNISIPALITEIT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2012

‘n Afskrif van die verslag van die Ouditeur-Generaal oor die finansiële state en prestasie inligting van Swartland Munisipaliteit vir die jaar geëindig 30 Junie 2012 is voorgelê vir oorweging. Die finale ouditverslag is beskikbaar op die munisipaliteit se webtuiste.

BESLUIT
[vir voorlegging aan die munisipale raad op 31 Januarie 2013]

Dat die verslag van die Ouditeur-Generaal vir die jaar geëindig 30 Junie 2012 goedgekeur word.

6.3/...

6.3 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGS-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 OKTOBER TOT 31 DESEMBER 2012 (8/1/B/2)

Die *Supply Chain Management-Regulasies,* artikel 6(3) bepaal dat daar op 'n kwartaallikse basis verslag gedoen moet word aan die Uitvoerende Burgemeester aangaande die werksaamhede van die betrokke afdeling.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die werksaamhede van die Voorsieningskanaalbestuursafdeling ten opsigte van die tydperk 1 Oktober tot 31 Desember 2012, welke verslagdoening ingevolge artikel 6(3) van die *Supply Chain Management*-Regulasies gedoen word.

6.4 VOORGESTELDE AANPASSING VAN ELEKTRISITEITSTARIEWE VIR 2013/2014: KOMMENTAAR GELEWER (5/4/1/3)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste het breedvoerig terugvoering gebied insake die voorgestelde aanpassing van elektrisiteitstariewe vir 2013/14 en die kommentaar daarop gelewer.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die kommentaar t.o.v. die voorgestelde aanpassing van die elektrisiteitstariewe soos voorsien aan SALGA, NERSA en Provinsiale Tesourie.

6.5 AANSTEL VAN PROFESSIONELE PERSOON: "REVENUE ENHANCEMENT PROGRAM" (8/2/2/1)

As deel van die Raad se inkomstebeskermingstrategie in terme van Hoofstuk 7 van die GOP, is daar op tender uitgegaan - bloot om ook die mark te toets om te bepaal of daar sulke instansies is- om 'n oudit te doen wat sal bepaal dat die Raad sover moontlik 'n 100% van die inkomste wat hy behoort te hef, op elke erf in die Swartland Munisipaltieit se jurisdiksie gebied wel hef.

Alhoewel die Direkteur: Finansiële Dienste alle moontlike pogings aangewend het om die nodige kontroles in plek te stel, is dit sy gevoel dat die Raad nooit verseker kan wees van alle moontlike areas waar inkomste gehef kan word t.o.v. eiendomsbelasting en dienste nie.

In terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid mag die Raad nie betrokke raak in die toekenning van 'n tender nie, maar was dit die mening van die Bodbeoordelingskomitee dat dit wel die prerogatief van die Raad is om te besluit of hy 'n gedeelte van 'n heffing wil afstaan aan 'n tenderaar as kompensasie vir die opsporing van 'n fout wat in onderhawige geval dan neerkom op 50%.

AANBEVEEL

(a) Dat daar kennis geneem word dat die verslag nie ten doel het om die Uitvoerende Burgemeesterskomitee enigsins te kompromitteer ten aansien van die oorweging van 'n tender nie, maar bloot om 'n aanduiding te gee, van of die afstaan van 50% van enige "inkomste-foute" wat ontdek mag word, as beginsel aanvaabaar is;

(b) Dat daar verder kennis geneem word dat dit baie moeilik was om voor die tyd 'n %-afslag daaraan te koppel aangesien daar nie duidelikheidheid was of daar enige belangstelling in die privaatsektor was nie;

(c) Dat die aangeleentheid na die Bodbeoordelingskomitee verwys word om te besin oor 'n aanstelling met inagneming van al die voor- en nadele wat die aanstelling mag inhou.

6.6 UITSTAANDE DEBITEURE: DESEMBER 2012 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Desember 2012.

6.7 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die voorsitter spreek sy kommer uit teenoor die eise waarby die agteruitry van 'n voertuig betrokke is. Hy is van mening dat dit neerkom op nalatigheid en versoek dat daar in toekoms meer daarop gelet moet word.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer;

(b) Dat die Munisipale Bestuurder en die Direkteur: Finansiële Dienste versoek word om as 'n saak van dringendheid met die versekeringsmaatskappy AON in gesprek te tree aangaande uitstaande eise, sover as Augustus 2012, wat nie afgehandel kan word nie;

(c) Dat die sewe motorongelukke ondersoek word vir nalatigheid en/of dalk 'n gebrek aan onvoldoende opleiding.

6.8 INTERNASIONALE SAMEWERKINGSOOREENKOMS TUSSEN SWARTLAND MUNISIPALITEIT EN KIEZ GÜNTERSBERGE, DUITSLAND: PLASING VAN 3 NUWE STUDENTE (10/3/4)

[Rdl C H H Hunsinger verlaat die lokaal vir die duur van die bespreking van die item.]

Die werwingsorganisasie, naamlik LKJ wat deur Kiez Güntersberge aangestel is om studente na Suid-Afrika te stuur, het verneem of Swartland Munisipaliteit begerig is om met die projek voort te gaan.

Tans is daar twee studente by Elkana uitgeplaas, sowel as een student by die Thusong sentrum wat ook middae by die Internasionale Skakelkantoor aflos. Hierdie projek hou geen finansiële implikasie vir die Raad in nie.

Die studente kry verder befondsing om klein projekte in die munisipale area te doen en is die volgende projekte reeds voltooi:

(1) nuwe kinder-rolprente (videos) is aangekoop vir Elkana;
(2) verf en ander benodighede is aangekoop vir handwerkprojekte;
(3) kraletjies is aangekoop om draaddiertjies te maak wat tydens 'n markdag in Maart 2013 te koop aangebied sal word.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van:
  (i) die 3 studente wat uitgeplaas is by Elkana en die Thusong sentrum;
  (ii) die projekte wat deur die studente gedoen word.

(b) Dat die projek voortgesit word en nuwe studente ontvang word na 1 September 2013 soos per behoefte bepaal.

6.9 (A) UITRUILSTUDENT: DUITSLAND, (B) SONDEZA KAMP, (C) SONDEZA/ABSA STUDIEBEURS 2012 (17/2/2/1)

Die verslag tot die sakelys bevat breedvoerige agtergrond ten opsigte van die werwing van 'n Suid-Afrikaanse uitruilstudent om in 2013 praktiese opleiding by die Kiez Kampus in Duitsland te deurloop as deel van die samewerkingsooreenkoms met Sachsen-Anhalt. Die verslag bevat verder inligting t.o.v. die Sondeza/ABSA Studiebeurs vir 2012 en aan wie die beurse toegeken is.

Die voorsitter rig 'n versoek op alle raadslede om in die toekoms die opening en afsluiting van die Sondeza kamp by te woon. Hy noem dat daar groot entoesiasme heers onder die kinders wat die kamp bywoon en is van mening dat die waarde wat dit toevoeg nooit in terme van geld gemeet kan word nie.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste verwys na 'n video insetsel wat deur een van die kinders geneem is en op die laaste dag ten toon gestel is. Sy versoek verder dat hierdie video insetsel met die volgende evalueringsverslag voorgelê word sodat almal 'n idee kan kry van die aktiwiteite wat plaasvind tydens die Sondeza kamp.

BESLUIT

(A) UITRUILSTUDENT, DUITSLAND:

(a) **Praktiese opleiding te Kiez Kampus, Duitsland 2013**
- (i) Dat kennis geneem word dat L Ndlovu as uitruilstudent aangestel is en op 28 Januarie 2013 na Duitsland sal vertrek;
- (ii) Dat sy vlugkaartjie teen R7 974.00 reeds aangekoop is;

(b) **Voltooiing van een jaar diens in Duitsland deur SA student in 2012, A Larey**
- (i) Dat kennis geneem word dat me A Larey bedank het en nie by die Toerismekantoor/Internasionale Skakelkantoor werksaam sal wees in 2013 nie;

(B) SONDEZA KAMP:

(a) **Goedkeuring van datum 29 November tot 8 Desember 2013**
- (i) Dat goedkeuring verleen word dat die kamp vanaf 29 November tot 8 Desember 2013 sal plaasvind en dat gemelde datum met die Departement Onderwys uitgeklaar word;
- (ii) Dat kennis geneem word dat die Ganzekraal kampterrein alreeds bespreek is en die nodige aansoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig sal word;

(C) SONDEZA / ABSA STUDIEBEURS 2012:

(a) **Toekenning van 3 beurse**

Dat kennis geneem word dat:
- (i) 3 beurse toegeken is vir 2012.
- (ii) 2 kandidate nie die beurs opgeneem het nie;
- (iii) H Conradie van Hoërskool Dirkie Uys die beurs opgeneem het en tans B Comm: Bestuursrekeningkunde (geoktrooieerde rekenmeester-opsie) studeer te Potchefstroom.

(b) **Finansering:**
- (i) Dat die verwagte uitgawe soos uiteengesit in paragraaf 2 van die verslag, nl. R45 714.15 teen posnommer 05-08-52-00-1532 (Eksterne Betrekkinge) toegewys word;
- (ii) Dat, met verwysing na die Eurokamp wat in Julie 2013 in Duitsland sal plaasvind, die Raad, soos in die verlede, goedkeuring verleen vir die verskaffing van munisipale oorpakbroeke aan die tien leerders van Swartland wat die kamp bywoon en dat die betrokke uitgawe teen posnommer 05 30 52 00 3740 (Afri-Jeugkamp) verreken word.

6.10 AANBOD OM ERF 10369, MALMESBURY TERUG TE KOOP (12/2/5/4-8/16)

Op Saterdag, 24 Maart 2007 het die Raad d.m.v. 'n "pre-launch" veiling 65 woonerwe geleë te Suid-/Wagenerstraat, Malmesbury aan eerste kopers aangebied.

Die oordrag van erf 10369 in Klipkoppiestraat in die betrokke uitbreiding is op 30 Mei 2008 in die naam van die kopers, F A Kotze & L M Kuhn by die akteskantoor geregistreer. Die kopers het nou deur hul prokureurs versoek dat die munisipaliteit oorweging skenk aan sy voorkoopsreg.

BESLUIT

Dat die munisipaliteit afstand doen van sy voorkoopsreg ten opsigte van erf 10369, Malmesbury in die lig van die steeds ongunstige ekonomiese klimaat, die steeds ongunstige eiendomsmark en die groot aantal raadserwe voorhande in die betrokke uitbreiding, en dat toestemming aan die eienaars (F A Kotze & L M Kuhn) verleen word om die eiendom te mag vervreem.

6.11 OMSKEPPING VAN HUGENOTESTRAAT IN 'N EENRIGTINGSTRAAT (16/5/R)

Die Portefeuljekomitee (Ontwikkeling en Beskerming) het tydens die vergadering wat gehou was op 8 November 2012 die voorgestelde hersonering van erf 719 Malmesbury aanbeveel vir bekragtiging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 13 Desember 2012. Met die oorweging van voormelde aansoek is die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste versoek om ondersoek in te stel na die omskepping van Hugenotestraat in 'n eenrigtingstraat.

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat dit nie as wenslik beskou word deur die Departement: Siviele Ingenieursdienste om Hugenotestraat tussen Lang- en Lowry Colestraat in 'n eenrigtingstraat te verander nie, maar dat die aangeleentheid ook na die Departement: Beskermingsdienste verwys word om hul mening vanaf 'n verkeersoogpunt, in te win.

6.12 AANWYS VAN 'N VASTE AFVAL BESTUURSBEAMPTE VIR SWARTLAND MUNISIPALITEIT (16/4/1/1)

Afdeling 10 van die "*National Environmental Management Waste Act*" *(Act No. 59 of 2008)"* vereis dat daar op nasionale, provinsiale en munisipale vlak 'n vaste afval bestuurder aangewys word sodat sake betreffende vaste afval bestuur gekoördineer kan word.

BESLUIT

(a) Dat die Bestuurder: Reinigingsdienste, tans mnr F H Bruwer deur Swartland Munisipaliteit aangewys word as die munisipaliteit se Vaste Afval Bestuur Beampte, of te wel "*Waste Management Officer*" ingevolge die "*Waste Act, 2008 (Act No. 59 of 2008)";*

(b) Dat genoemde besluit skriftelik aan die Provinsiale Departement Omgewingsake deurgegee word.

6.13 AANBEVELING VAN INTERNE OUDITEUR OM KONTROLES IN TE BOU OM DIE "ONE MAN CONTRACTS" AAN OUDIT VEREISTES TE LAAT VOLDOEN (16/4/1/2)

Die item word voorgelê na aanleiding van 'n ondersoek deur die Interne Ouditeur aangaande die werksaamhede van "one man contracts" vir die reiniging van publieke oopruimtes.

In die verslag tot die sakelys word breedvoering inligting verskaf aangaande die werksaamhede van die "one man contracts", sowel as inligting aangaande leemtes in, onder andere, die aanstelling van kontrakteurs, betaalsertifikate, gebiede van verantwoordelikheid, en so meer.

6.13/...

Die voorsitter spreek sy kommer uit dat die verslag nie die uitkoms van die ouditverslag weerspieël nie. Hy versoek dat daar meer moeite gedoen word met die inwerkingstelling van operasionele kontroles wat beter beheer oor kontrakteurs sal versker.

BESLUIT

Dat die aangeleentheid terugverwys word na die Departement: Siviele Ingenieursdienste vir 'n meer breedvoerige ondersoek, wat verbeterde operasionele kontroles sal verseker, vir terugvoering aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

6.14 VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP GEDEELTE VAN ERF 240, KORINGBERG (15/3/10-7) (WYK 1)

Hierdie verslag het reeds op die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering van 13 Desember 2012 gedien, maar was terugverwys ten einde die verslag te wysig om ook melding te maak van die groep persone wat die vermaaklikheidsplek ondersteun.

BESLUIT

A Dat die aansoek om vergunningsgebruik op erf 240 (groot 187m²), geleë op die hoek van Hoof - en Sonderendstraat, Koringberg, ten einde 'n vermaaklikheidsplek (sportskroeg) vanuit die bestaande sakegebou te kan bedryf, ingevolge paragraaf 4.7 van Ordonnansie 15 van 1985 afgekeur word, weens die volgende redes:

(i) weens die omvang en inhoud van die kommentare/besware ontvang teen die voorstel ;
(ii) weens die moontlike sosiale invloed op die welstand van die groter gemeenskap binne Koringberg asook die landelike konteks van Koringberg;
(iii) die voorgestelde aansoek word nie as wenslik in die landelike konteks van Koringberg op die grondslag van die moontlike uitwerking van die voorgestelde aktiwiteit op die bestaande regte aanliggend tot die betrokke perseel beskou nie;

B1 Dat kennis geneem word van die inhoud van omsendskrywe 21 van 2012 van Departement Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning nl. dat daar geen reg op appèl teen hierdie besluit is nie;

B2 Dat die aansoeker in kennis gestel word dat hy geen reg tot appèl, ingevolge die Ordonnansie op Grondgebruiksbeplanning, teen die Raad se besluit het nie.

6.15 AFWYKING: ERF 584, ABBOTSDALE (15/4/2-7)

'n Bouplanaansoek is ontvang namens die eienaars, mnr en mev PJ & LA Berling van erf 584, Dahliastraat, Abbotsdale wat 'n grensmuur en 'n afdak langs die woonhuis voorstel. Erf 584 vorm deel van die laekoste behuisingsprojek.

BESLUIT

Dat die aansoek vir die afwykings op erf 584, Abbotsdale ten einde af te wyk van die 1m syboulyn (oostelike grens) na 0m asook die 50% dekking na 54%, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) dat die beswaarmaker op haar reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word;

(b) dat die eienaar van erf 584 versoek word om die motorafdakstruktuur (raamwerk) voor die bestaande motorhuis te verwyder alvorens hierdie bouplan gefinaliseer word.

6.16 FINANSIËLE BYDRAE VIR DIE NIE-VOORSIENING VAN OP-PERSEEL PARKERING OP ERF 7651, MALMESBURY (15/4/2-8)

'n Bouplanaansoek is ontvang vanaf die eienaar, Amrichprop 20 Properties (Pty) Ltd op erf 7651, geleë te Voortrekkerstraat, Malmesbury. 'n Tussenvloer word in die Agrimark winkel in die De Bron Sentrum voorgestel ten einde addisionele winkelspasie te skep.

Op-perseel parkering vir die De Bron Sentrum is reeds volgens die bestaande vloerruimte oppervlakte van geboue voorsien. Die voorgestelde tussenvloer beslaan 'n oppervlakte van ±349m². Op-perseel parkering moet voorsien word teen 2 parkeerplekke/60m² vloerruimte van die sakegeboue. Geen addisionele parkeerplekke kan op erf 7651 voorsien word nie as gevolg van 'n gebrek aan spasie.

Gevolglik doen die eienaar, Amrichprop 20 Properties (Pty) Ltd (Agrimark) aansoek om 'n finansiële bydrae te maak vir die nie-voorsiening van 11 op-perseel parkeerplekke.

BESLUIT

Dat die aansoek om 'n finansiële bydrae vir die nie-voorsiening van 11 op-perseel parkeerplekke op erf 7651, Malmesbury te maak ten bedrae van R66 000,00 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaarde:

(a) dat die finansiële bydrae betaal word alvorens die bouplan goedgekeur word.

6.17 AANSOEK OM WYSIGING VAN GOEDKEURINGSVOORWAARDES MET BETREKKING TOT DIE HERSONERING EN AFWYKING VAN ERF 7223, MALMESBURY (15/3/3-8, 15/3/4-8)

'n Aansoek is ontvang vir die wysiging van goedkeuringsvoorwaardes (a) soos vervat in die Raadsbesluit gedateer 18 April 2007 rakende die aansoek om hersonering en afwyking van erf 7223, Malmesbury.

Die eienaar van die "*Table Mountain Guesthouse"* is van voorneme om die korrekte grondgebruiksregte te verkry ten einde die gastehuis uit te brei van oornagakkommodasie met 6 kamers na 12 kamers. Die eienaar en sy gesin van vier mense is nie meer in die gastehuis woonagtig nie.

BESLUIT

A Dat die aansoek om wysiging van die goedkeuringsvoorwaarde (a) van die Raadsbesluit gedateer 18 April 2007 rakende die hersonering en afwyking op erf 7223, Malmesbury, ingevolge artikel 42(a)(2) van Ordonnansie 15 van 1985, soos volg goedgekeur word:

(a) dat die gastehuis binne die bestaande verbeteringe akkommodeer sal word en die volgende fasiliteite sal bied, naamlik;
- (12) twaalf slaapkamers met en-suites;
- binne en buite leefareas;
- swembad / gimnasium;
- 'n beperkte konferensiefasiliteit wat slegs deur inwonende gaste gebruik word;

B Dat die volgende addisionele voorwaardes ingevolge artikel 42(a)(2) van Ordonnansie 15 van 1985 opgelê word:

B1 STADSBEPLANNING/ BOUBEHEER

(a) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging binne 'n tydperk van 30 dae na hierdie besluit voorgelê word;

(b) dat die parkeerarea voorsien word van 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;

6.17(B)/...

(c) dat 'n 3m reg-van-weg serwituut op erf 9348 geregistreer word ten einde toegang na die parkeerplekke aan die agterkant van erf 7223 te voorsien;

B2 WATER

(a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

B3 RIOOL

(a) dat daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

B4 KAPITAALBYDRAE

(a) dat 'n vastekoste kapitaalbydrae ten bedrae van R21 754,00 op bouplanstadium aan hierdie munisipaliteit gemaak word.

6.18 VOORGESTELDE HERSONERING EN VERGUNNINGSGEBRUIK OP GEDEELTE 8 VAN PLAAS LAMMERSHOEK NO 842, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15, 15/3/10-15) (WYK 12)

'n Aansoek is ontvang vanaf die geregistreerde eienaars, (Austroboer Property Investments Bpk) vir die hersonering van 'n gedeelte van gedeelte 8 van die plaas Lammershoek no. 842 (groot ±965m²), Afdeling Malmesbury, geleë suid-oos van Malmesbury vanaf landbousone I na landbousone II ten einde die bestaande wynkelder te wettig.

'n Aansoek is ook ontvang ingevolge paragraaf 4.7 van die Soneringskemaregulasies vir 'n toeristefasiliteit (groot ±73m²) ten einde 'n wynproefasiliteit te bedryf.

BESLUIT

A Dat die aansoek vir die hersonering van 'n gedeelte van gedeelte 8 van die plaas Lammershoek no 842 (groot ±965m²), Afdeling Malmesbury, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf landbousone I na landbousone II ten einde die bestaande wynkelder te wettig, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING/BOUBEHEER

(a) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(b) dat die wynkelder beperk word tot die bouplatvorm (groot ±965m²) van bestaande geboue soos in hierdie aansoek voorgehou;
(c) dat die wynproefasiliteit tot 'n grootte van ±73m² beperk word;
(d) dat voldoende parkeerarea geskep word om besoekers tot die wynproefasiliteit te akkommodeer;
(e) dat die parkeerareas sodanig ontwerp word dat dit prakties uitvoerbaar is;

A2 WATER

(a) dat geen munisipale drinkwater beskikbaar is nie;
(b) dat enige waterverbruike ooreenkomstig die bepalings van die Waterwet, Wet 36 van 1998, registreer en/of lisensieer word;

A3 RIOOL

(a) dat die goedkeuring van die Departement van Waterwese vir die bestuur en wegdoen van vaste afval en afvalwater verkry word;
(b) dat die goedkeuring van die Departement van Waterwese aan die Departement: Siviele Ingenieursdienste voorsien word;
(c) dat riooldienste slegs deur middel van 'n suigtenkvragmotor voorsien kan word;

6.18/...

A4 VULLISVERWYDERING

(a) dat daar skriftelik by Swartland Munisipaliteit aansoek gedoen word vir die gebruik van enige van die stortingsterreine binne die munisipale area;

A5 ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;

(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;

(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel;

A6 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

(a) dat ingevolge artikel 9 van Wet 21 van 1940 is 'n 95m boubeperkingslyn langs Afdelingspad 1139 van toepassing;

(b) dat ingevolge artikel 17 van Ordonnansie 19 van 1976 is 'n statutêre 5m boulyn langs Afdelingspad 1139 en Ondergeskikte Pad 285 van toepassing;

(c) dat geen nuwe toegange mag gebou of bestaande toegange verander word sonder die goedkeuring van die Departement van Vervoer en Openbare Werke nie;

A7 DEPARTEMENT VAN LANDBOU

(a) dat die behandeling van afvalwater van die wynkelder voldoen aan die aanbevelings en voorskrifte van die Departement van Waterwese;

(b) dat die vergunningsgebruik nie inbraak maak op die normale dag-tot-dag landbou aktiwiteite op die plaas nie;

A8 DEPARTEMENT VAN WATERWESE

(a) dat daar aan die vereistes van gedeeltes 2 en 4 van die Staatskennisgewing soos verwys na in Departement van Waterwese se skrywe van 14 Desember 2009 (verw. 16/2/7/27/G202/B30) voldoen word. Sien skrywe gemerk "E";

(b) dat besproeiing met afvalwater nie gedurende die winter reënseisoen toegelaat word nie;

(c) dat die area waar organiese vaste afval van die wynkelder gestoor word, geseël moet wees of op 'n sementblad geplaas word en enige lekkasie moet teruggelei word na die verwerkingstelsel vir behandeling om enige waterbesoedeling te voorkom. Die area moet ook omhein word om enige besoedeling te voorkom;

(d) dat 'n moniteringsprogram opgestel word wat beide die kwaliteit en hoeveelheid afvalwater volgens die besproeiings/opgaardam monitor;

(e) dat die finale uitloopwater ten minste maandeliks analiseer word veral gedurende produksie volgens die gelyste parameters in die Algemene Toestemming en dat dit by die Departement van Waterwese ingedien word;

(f) dat die waterverbruiker vir 'n lisensie in terme van die Nasionale Waterwet (Wet 36 van 1998) aansoek doen;

B Dat die aansoek vir 'n vergunningsgebruik ingevolge paragraaf 4.6 van die Soneringskemaregulasies ten einde 'n toeristefasiliteit (wynproefasiliteit van ±73m²) te bedryf, goedgekeur word.

6.19 AANSUIWERINGSKAPITAAL EN –BEDRYFSBEGROTING VIR DIE 2012/2013 FINANSIËLE JAAR (5/1/1/1-2012/13; 5/1/1/2-2012/13)

Die Munisipale Bestuurder behandel die verslag en beklemtoon dat die aansuiwering van die kapitaal- en bedryfsbegroting vir die 2012/2013 finansiële jaar voldoen aan die vereistes van artikel 28 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

6.19/...

BESLUIT

[vir voorlegging aan die munisipale raad op 31 Januarie 2013]

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die veriment van fondse tussen kapitaalprojekte soos aangedui in Aanhangsel A van kapitaalitems ten opsigte van die Aansuiweringskapitaalbegroting vir 2012/2013, asook ongespandeerde kapitaal en nuut voorgestelde projekte vir 2012/2013 as gevolg van die noodsaaklikheid daarvan;

(b) Dat die nodige statutêre dokumentasie afgehandel word in terme van die MFMA en dat die Nasionale en Provinsiale Tesourie dienooreenkomstig ingelig word;

(c) Dat die aanpassing geen verhoogde finansiële implikasie vir die Raad inhou in terme van verhoogde tariewe vir die 2012/2013 finansiële jaar nie;

(d) Dat goedkeuring verleen word vir die oordra van ongespandeerde fondse vanaf staatstoekennings t.o.v. die 2012/2013 finansiële jaar (Aanhangsel C), soos aangedui in die Raad se finansiële state op 30 Junie 2012;

(e) Dat goedkeuring verleen word om die kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2012/2013 as volg te wysig:

Kapitaal:	R 86 848 463	na	R 89 008 975
*Bedryfsuitgawe:	R 439 237 837	na	R 436 386 824
*Bedryfsinkomste:	R 413 711 316	na	R 422 971 862
Surplus/Tekort:	-R 25 526 520	na	-R 13 414 961

**Dat die Raad kennis neem dat die finale inkomstes en uitgawes soos gerapporteer in die B-skedules aan Nasionale en Provinsiale Tesourie sal verskil van die syfers in ProMun, omrede die departementele kostes verskillend bereken word. Nieteenstaande bly die resultaat in terme van die surplus en tekort onveranderd.*

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER